Geliefde Lourensrivierder

Ek het hierdie oulikste, vrolikste, lewenslustigste jongmensvriend in my lewe wat kort-kort met die ongelooflikste wyshede vorendag kom wat ook my eie denke vernuwe en spinnerakke afstof. Aangesien hy self 'n woestynpad gestap het met die Here, is hy so gretig en gewillig om as instrument gebruik te word en te getuig. . Hy skroom ook nie om aan homself te werk en te vernuwe nie. Ons praat baie oor verhoudings, gesindheid en hoe ons optrede mense positief of negatief kan beëinvloed So kry ek gister hierdie boodskap van hom:

"Hello tannie. Ek besig met my eie couple (kan nie "marriage" wees nie want hulle nog nie getroud nie😂😂😂) counciling..... ek die volgende 5 punte raak gesien in my en my meisie se verhouding. Dis basies net bullets. Kan altyd uitbrei as tannie wil...
5 goed in verhouding:
1) No secrets
2) Sacrifices
3) Nie kwaad gaan slaap nie
4) Iemand is sterk terwyl ander swak is. Maar as jy swak is moet nie energie onnodig uit tap nie. Raak sterker.
5) Waar is GOD in jou verhouding? Maak seker Hy is daar!

Ek hoop jy haal saam met my jou hoed af vir hierdie jongman en gryp sommer die geleentheid aan om Sondag weer 'n bietjie te kom groei.....

NUUSKRUMMELS: 23/03/2017

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

DINAMIET KIEDZ

Ons het Sondag, 26 Maart 'n heerlike afsluiting met baie speletjies, lekker sang en lekker eetgoed vir ons kindertjies!

Ons wil ook opreg dankie sê aan elke kindjie, mamma, pappa en gemeentelid wat speelgoed en toiletware geskenk het vir ons Barmhartigheidsprojek deur die kwartaal.

Die instansie aan wie ons dit Sondag sal oorhandig is Heartlands Baby Sanctuary (voorheen Cotlands). Hulle gaan ons Kinderkerk kom bywoon sodat die Kiedz kan sien vir wie hulle alles ingesamel het ❤ 😊♫♫♫

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING

NEDERDUITS HERVORMDE GEMEENTE IN DIE STRAND NOOI JOU UIT NA 'N BAIE INTERESSANTE EN LEERSAME PRAATJIE BY ONS KERK

TEMA: Die Dood - ons Keuses.
DATUM: 29 Maart 2017.
TYD: 18h30
PLEK: NHKerk. h/v Boschendal & Elimstr. Die Bos

Kom gerus en bring al u vrae saam.

Vir verdere inligting: Susan Swanepoel
Tel: 083 446 0020

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

Insake Amos Kaap mark 01 April 2017 ten bate van Plaasbearbeiding in Strand

Amos-Kaap hou vyf Plaasmark ten bate van plaasbearbeiding in die Strand op die sypaadjie onder die Spur. Hoof Koördineerder van die markte is JB Wessels kontak 0832334533 vir navrae.
Amos Kaap is 'n nie rassige, interkerklike, landbouorganisasie wat fokus op evangeliebediening en die bemagtiging van die landbougemeenskap van SA en Afrika.

Amos se visie is: Om te LEEF EN BOER SOOS GOD WIL,

Amos se Missie is: Die transformasie van die landbougemeenskap in Afrika deur die herstel en bou van verhoudings met God, mense en die skepping sodat God se Koninkryk in hulle sigbaar kan word.

Ons wil deur die verkoop van vars produkte bv. groente en vrugte teen markprys fondse vir Amos werksaamhede insamel.

Markdatums vir 2017 as volg:
01 April Villiersdorp/Worcester koördineer
06 Mei Studente Koue Bokkeveld koördineer
03 Junie Citrusdal koördineer

Indien u meer inligting rondom Amos se werksaamhede wil weet kan u 083 2334533 skakel.

Groete in Christus
Ds. JB Wessels
Amos Kaap bedieningskoördineerder

JB Wessels
Amos Bediening Leierskap Spanlid
AMOS
agrimin Kaap
Web: www.amosafrica.net
Epos: jb.wessels@amosafrica.net
Selfoon: +27(0)83 233 4533
Faks: +27(0)86 756 4986

VAKANTE POS:

NG Kerk in SA

HOOFARGIVARIS

(Stellenbosch)

http://kerkargief.co.za

Volledige inligting op laaste bladsy van Nuuskrummels.

VERSOEK

Werkende man met sober gewoontes opsoek na tydelike verblyf in Somserset-Wes/Strand area. Verhuis van George, begin 3 April werk in Somerset-Wes. As iemand kan uithelp vir 1 – 3 maande? Kontak: Wilhelm Vorster @ 060 641 5215

KNIEWERK:

- Ons bid vir buite seisoenale reën en volkome toewyding aan Jesus Christus, ons Here
- Kankerbehandeling: Paul Louw & Retha van der Westhuizen & Owen Wallis & Amanda Vosloo
- Mathilda Stemmet in hospitaal
- Vir Hennie Langenhoven vir emosionele genesing nadat hy deur 3 mans in sy huis toegesluit en sy goed gesteel is.
- Robert Jardim vir gesondheid en volkome herstel na operasie

FOKUSTEKS VAN WEEK: JOH 9:1-41

VIERDE WEEK IN LYDENSTYD:

Om te kan sien of nie te kan sien nie. Het jy al vir Jesus gesien? Ja, met jou oë gesien? Jy sê jy het nie, want Hy is nie meer hier by ons nie! As dit jou antwoord is, is daar iewers ’n fout – of by die mense in wie se geselskap jy is, of dalk omdat jou oë nie oop is om Jesus raak te sien nie.

Wanneer ons hier praat van sien of nie sien nie, dan gaan die hele gedeelte om die vermoë om te sien, of om nie te sien nie, m.a.w. – om blind te wees. Diegene wat kan sien, sien nie, want hulle kan Jesus nie herken as die Messias nie. Daar is verskeie dinge wat hulle totaal blind maak. Hierdie man, wat nie kan sien nie, word genees en kan nou fisies sien. Wanneer hy kan sien, leer hy algaande om ook geestelik te kan sien. Op hierdie manier leer hy Jesus herken as die Seun van die Mens, die Een wat waarlik van God kom.

Hoe sien ons vandag wonderwerke? Gebeur dit nog? Soek ons nie dikwels wetenskaplike of logiese antwoorde vir wonderwerke nie? Kry ons dit nie, aanvaar ons dit eenvoudig nie! Klink dit nie so baie soos die woorde van die Fariseërs nie?

Beide die dissipels en die Fariseërs ly aan ’n vorm van blindheid. Hulle kan nie met die oë van Jesus kyk nie.

’n Mens kwalifiseer vir die genesing van Jesus, deur die blinde te wees. Volgens die teks moet ’n mens jou eie blindheid raaksien en dit voor Jesus erken. Dan help Hy jou sien! Die gevaar is om blind te wees en dit te ontken. Luister na vs 41: “As julle blind was, sou julle nie skuldig gewees het nie; maar nou sê julle: ‘Ons sien.’ Daarom bly julle skuldig.” Wanneer Jesus ons blindheid wegneem, leer ons sien. Hy was die skille van ons oë af. Hy reinig ons harte van verblindende sonde, Hy laat ons uitreik na mekaar.

Uitdaging: Leer kyk om God raak te sien, dat jy nie blind bly nie, maar kan sien soos die siende man van Joh. 9.

- Willem Botes –



Kom ons sing saam met Home Free “I once was blind, but now I see”.....:
Skakel: https://www.youtube.com/watch?v=7n145-J8ejg
Chris Tomlin sing Amazing Grace (My Chains Are Gone): Uit die puik fliek Amazing Grace: Skakel: https://www.youtube.com/watch?v=Y-4NFvI5U9w

Jackie@Lourensrivier

OORGEE, OMGEE, AANGEE

NG Kerk in SA

HOOFARGIVARIS

(Stellenbosch)

http://kerkargief.co.za

Die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes-Kaapland) beskik tans oor 'n vakature vir 'n Hoofargivaris by die NG Kerk se Argief in Stellenbosch. Die datum van diensaanvaarding is 1 Julie 2017.

Verantwoordelikhede

- keuring, ordening, ontsluiting en restourering van argivalia met die oog op bewaring en navorsing;
- rekordbeheer en skakeling met kliënte (gemeentes, ringe en sinodes);
- lewer 'n diens aan navorsers en gebruikers van die Argief (persoonlik, telefonies of per e-pos);
- ontwikkel en bestuur die digitaliseringsproses van die Argief en
- bestuur die personeel, begroting en dag-tot-dag aktiwiteite van die Argief.

Kennis en vaardighede verlang

- kennis van toepaslike Suid-Afrikaanse wetgewing, asook die toepassing daarvan in 'n argief;
- toepaslike ervaring van argivale werk;
- goeie kommunikasievermoë in beide Afrikaans en Engels;
- uitstekende organisasievermoë;
- administratiewe vaardigheid;
- rekenaarvaardigheid en
- deeglike kennis van die NG Kerk-familie se strukture en werksaamhede.

Minimum kwalifikasie

- 'n toepaslike nagraadse kwalifikasie in argiefkunde of 'n aanverwante dissipline.

Vergoeding

- onderhandelbaar in ooreenstemming met kwalifikasies en verantwoordelikhede.

Aansoekprosedure

Stuur u aansoek per e-pos saam met 'n volledige CV voor **10 Mei 2017** aan:
Die Bestuurder: Menslike Hulpbronne, NG Kerk in SA, Privaat sak X8, Bellville, 7535
E-pos: ngkadmin@kaapkerk.co.za
Navrae: 021 957 7104 (Mnr Kenny Raats)